Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Inrigtingshulpbrononderssteuning
LOOM

Verwysing: 20200320-5955
Lêerno.: 12/2/13/6
Navrae: B le Keur

Inrigtingshulpbrononderssteuningsminuut: 0001/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkdirekteure by distrikskantore, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van alle nie-artikel 21 gewone openbare skole

Onderwerp: Aanlynbestelling van skryfbehoeftes en skoonmaakbenodigdhede, tuin- en elektriese voorraad in die 2020/21-boekjaar vir alle nie-artikel 21-skole

1. Hiermee word skole in kennis gestel van die eerste aanlyngeleentheid, vanaf **25 Mei tot 5 Junie 2020**, om skryfbehoeftes en skoonmaakbenodigdhede, tuin- en elektriese voorraad vir gebruik in 2021 te bestel.

2. Hierdie minuut moet saamgelees word met Omsendbriewe 0031/2017 van 20 September 2017 en 0036/2019 van 26 September 2019.

3. Gedurende 2017 is skole in Omsendbrief 0031/2017 van 20 September 2017 in kennis gestel van die twee afsonderlike kontrakte wat deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) aangegaan is om skryfbehoeftes en skoonmaakbenodigdhede, tuin- en elektriese voorraad te bestel en die bestelproses te volg in die genoemde kontrakte wat van toepassing is op nie-artikel 21-skole.

4. Riglyne sal op SOBIS beskikbaar gestel word om te verduidelik hoe skryfbehoeftes en skoonmaakbenodigdhede, tuin- en elektriese voorraad vasgelê en afgeteken moet word.

5. Soos uiteengesit in die bogenoemde omsendbriewe, sal die WKOD namens nie-artikel 21-skole bestellings by die gekontrakteerde verskaffer, Masiqhame Trading 1057 BK, plaas vir die versoekte skryfbehoeftes en skoonmaakbenodigdhede, tuin- en elektriese voorraad.

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel: +27 21 467 2094 Faks: 27 21 483 7658
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

6. Skole mag slegs 'n aanlynbestelling plaas vir die items wat in die aangehegte katalogusse vir skryfbehoeftes en skoonmaakbenodigdhede-, tuin- en elektriese voorraad gelys is. Ingevolge die driejaarkontrak, is hierdie katalogusse slegs geldig tot 30 September 2020 (Kyk Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut 0009/2019 van 13 September 2019).

7. Let asseblief daarop dat die skryfbehoeftekontrak nie die voorsiening en aflewering van drukkassette bied nie. Hierdie items, sowel as ander items wat nie in die katalogusse gelys is nie, sal apart deur kwotasies verkry word wat deur die *Integrated Procurement Solution* ingewin word. In hierdie opsig moet skole rekwisisies (WKOD-026-vorms) teen nie later nie as 5 Junie 2020 aan die leer- en onderrigondersteuningsmateriaal se kantoor stuur vir die aandag van mnr. Bernard Stoffels (tel. 021 467 2345 of per e-pos by LTSM@westerncape.gov.za.

8. Daar sal van skole verwag word om van hulle norme-en-standaarde (N&S)-befondsing vir plaaslike aankope te gebruik om al hul behoeftes vir skryfbehoeftes en skoonmaakbenodighede, tuin- en elektriese voorraad te dek. Dit is dus baie belangrik vir skole om sorgvuldig te werk te gaan wanneer hulle bepaal hoe hul N&S-befondsing gaan bestuur om die beskikbaarheid van voldoende fondse vir hul vereistes te verseker. Om skole in hierdie verband by te staan, sal hul afleweringsdatums, bestellings en die waarde daarvan bevestig word soos wat bestellings verwerk word.

9. Skole word aangemoedig om hierdie geleentheid te gebruik om die meerderheid van hul behoeftes te bestel, maar sal vanaf 27 Julie tot 07 Augustus 2020 'n tweede geleentheid ontvang om enige verdere items te bestel om addisionele behoeftes wat steeds voorkom, te dek.

10. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke amptenare.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2020-05-20